Vir die huis

Omdat Tharine Theron nie eintlik meubels kon vind wat in haar smaak val nie, het sy bande gesmee met Philip Masters. Saam het hulle Hemma Furniture begin wat meubels met 'n sterk Skandinawiese invloed vervaardig. Dis gemaak van volhoubare berke-laaghout, wat baie duursaam is en die toets van die tyd sal deurstaan. Tharine help met die ontwerp en bemarking, en Philip is die meesterbrein agter die ontwerp en vervaardigingsproses. Lessenaar (R5 900, ander groottes ook beskikbaar) en bankie (R950). Hul produkte kan landwyd aanlyn gekoop word by www.hemma.co.za



REGS Tharine Theron (bo) en Philip Masters